HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

WEEKBRIEF 4 **9FEBRUARIE 2024**

UIT DIE KANTOOR

Hier aan die begin van Februarie 2024, kyk ons met dankbaarheid terug op drie en ‘n half weke se akademie en buitemuurse bedrywighede wat uit die wegspringblokke kon kom. Baie dankie aan elke lid van die bestuurspan, onderwyser, leerder en ouer wat positief bygedra het tot ‘n suksesvolle begin van die 2024 skooljaar.

Ek wil uit die kantoor weer op elke leerder en ouer die beroep doen om deel te word van al die aktiwiteite by JF. Met goeie kommunikasie, begrip en respek glo ek dat elke leerder aan ten minste een somer- en wintersport kan deelneem, of dan by die verskillende kultuuraktiwiteite betrokke sal wees. Dit is vir my ontsettend lekker om die leerders op die velde te sien deelneem en sommer net “skool” te geniet. Ouers/voogde, help ons asseblief om die leerders van die rusbank en sosiale media af te kry...
Die matriekuitslae van 2023 het ons oorweldig met diepe dankbaarheid en baie trots. Mag dit ons oortuig om net nog harder te werk en nog groter te droom... Die oes is groot. Dankie Here vir emmersvol genade en die bereidwilligheid om te saai in elke JF - leerder se lewe.

Mag dit ons oortuig om net nog harder te werk en nog groter te droom...

Die oes is groot.

Ek wil glo dat die graad 9-leerders wat die afgelope week die buitelugskool besoek het, hul gate uit geniet het! Ons sien ook met groot verwagting uit na lekker geleenthede om gees te vang, I soos bv. Valentynsdag, die valentynsbal, gradedag, Interhoërgala, ensovoorts.

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

SAAI OM TE OES

BELANGRIKE DATUMS DIE WEEK

Februarie

10 Atletiek: Zone 1

14 Valentynsdag: Registerperiode (geskenke + sivvies)

16 Valentynsbal

Volg JF SOSIALE MEDIA

op Facebook @JFAmptelik

op TikTok @jfamptelik

op Instagram @jfamptelik

www.jf.co.za

Die eerste toetse is dan ook reeds besig om geskryf te word. Sterkte aan die leerders. Sit, skouer aan die wiel en moenie dat daar nou alreeds agterstande in die akademie ontstaan nie.

Baie geluk aan die klasverteenwoordigers wat verkies is en ons sien uit om die 2024 pad saam met julle te stap. Baie geluk aan elke sportspan wat reeds besig is met ligabepalings en uitstekende uitslae behaal. #TrotsJFsport. Dit klink ook asof die Kultuur by JF uit sy nate bars, en dit laat my groen hart bars van trots!

Verder aan in die weekbrief is daar solank 'n inligtingstuk aangaande die Beheerliggaamverkiesing van 2024. Met die BELA-wetgewing wat tans lei tot groot onsekerheid en kontroversiële stellings in die media, doen ek 'n beroep op u om hierdie jaar se verkiesing te ondersteun soos nog nooit tevore nie.

Kom ons vat Februarie 2024 aan, in geloof, met harde en pligsgetroue werk en 'n oordosis entoesiasme!

Hiermee 'n laaste gedagte om die weekbrief af te sluit :

'n Fout word 'n les
Pyn word 'n doel
'n Gemors word 'n boodskap
'n Toets word 'n getuigskrif
Elke struikelblok word 'n geleentheid
Maak nie saak hoe sleg jou situasie is nie, neem die les

-Tony A. Gaskins Jr-

JF-groete
Henri Wilken

Februarie

10 Februarie
Atletiek: Zone 1
Potspel: Sosiaal
12 Februarie
Waardeweek: Omgee (Gr. 9)
13 Februarie
Geesvangperiode
14 Februarie
Atletiek: AFS
Senior Afrikaans: Olimpiade inskrywings sluit
Valentynsdag: Registerperiode (geskenke + sivvies)
15 Februarie
Geesvangperiode
Alpha
JFFJ
16 Februarie
Netbal: Skeidsregterskursus
ATKV Inskrywings
Atletiek: Sentraal top 10
Koskasdag
Skaak: Liga

19 Februarie
Waardeweek: Lojaliteit (Gr.)
20 Februarie
Atletiek AFS

21 Februarie
JF-periode: VRL
Radikale Redenaars: Inskrywings
22 Februarie
Swem: Interhoër
Netbal: OMS - Netbaldag
23 Februarie
Matriek / Res / Gradedag
24 Februarie
Atletiek: Motheo H/S
Nautilus 1
Netbal: FSSI Skeidsregterskursus
Sportdag: Pres. Steyn

BEHEERLIGGAAMVERKIESING 2024

Hierdie jaar 2024 is weer verkiesingsjaar vir beheerliggame in Suid-Afrika. Om 'n verkose lid op die Beheerliggaam te wees, moet 'n ouer 'n kind in die betrokke skool hê.

Ons gee graag die volgende belangrike inligting in verband met die Beheerliggaamverkiesing vir kennisname:

1. Skole moet gedurende hierdie kwartaal vanaf 1 Maart 2024 tot 30 Maart 2024 die nuwe Beheerliggame aanwys. Die verkiesing van nege ouers as lede van die Hoërskool Jim Fouché vind plaas op Vrydag, 15 Maart 2024. (Tyd: 06:30 – 18:30)

2. Indien daar nie 'n kworum (15 %) teenwoordig is tydens stemming nie, sal die tweede verkiesingsdag die volgende Vrydag, 22 Maart 2024 om 13:30 tot 16:00 wees.

3. Die stemming sal in die skoolsaal plaasvind.

4. Samestelling van die Beheerliggaam:

Ouerverteenwoordigers	9
Opvoeders	3
Nie-Opvoeders	1
Prinsipaal	1
Leerders	3
Totaal	17

5. Ouers moet ook kennis neem van die volgende:
5.1 Persone is onbevoeg om tot die Beheerliggaam verkies te word as hy/sy:
5.1.1 in diens van die Departement is en nie die toestemming van die Hoof van Onderwys het om op die Beheerliggaam te dien nie.(Dit geld nie vir opvoeder- en nie opvoederlede nie);
5.1.2 nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie, tensy die hoof van Onderwys vir hom/haar bevoeg verklaar het;
5.1.3 geestelik versteurd is en as sodanig verklaar is deur 'n bevoegde hof;
5.1.4 'n ongerehabiliteerde insolvent is;
5.1.5 Skuldig bevind is aan 'n oortreding en gevonnis is tot gevangenisstraf, sonder die keuse van 'n boete, van meer as ses maande, en/of nog nie die volle tydperk van gevangenisstraf uitgedien het nie;
5.1.6 nie meer resorteer onder die kategorie lid wat hy/sy nog nie die volle tydperk van gevangenisstraf uitgedien het nie.
5.1.7 'n amptenaar van die provinsiale onderwysdepartement is met direkte toesighoudende verantwoordelikhede by die skool waarin hy of sy 'n ouer is; of
5.1.8 'n gade het wat reeds op die skoolbeheerliggaam dien.

6. Dienstermyn van lede en van ampsdraers van Beheerliggame:
6.1 Die dienstermyn van 'n lid van 'n Beheerliggaam, behalwe die prinsipaal, mag nie drie jaar oorskry nie.
6.2 Die dienstermyn van 'n lid van 'n Beheerliggaam wat 'n leerder is, mag nie een jaar oorskry nie.
6.3 Die dienstermyn van 'n ampsdraer van 'n Beheerliggaam mag nie een jaar oorskry nie.
6.4 Die lede van 'n Beheerliggaam bly lede van die Beheerliggaam totdat 'n nuwe Beheerliggaam saamgestel is.

7. 'n Beroep word op ouers gedoen om werklik kundiges in spesifieke beroepsvelde te nomineer.

Die struktuur van die Beheerliggaam bestaan tans uit die volgende komitees:

- Grond en geboue
- Finansies
- Kultuurkomitee
- Sport en bemarkings komitee
- Leerderondersteuning en Ontwikkeling
- Koshuis
- Veiligheid

Beroepsvelde waar daar 'n behoefte bestaan is onder andere 'n regspersoon, 'n persoon wat vertroud is met skakeling en bemarking, 'n persoon wat kennis het van geboue en terrein, bv. 'n argitek, bourekenaar, ingenieur of ontwikkelaar.
Ons doen 'n ernstige beroep op ons ouers om asseblief betrokke te wees deur iemand te nomineer en te kom stem. Ons maak staat op al ons ouers se ondersteuning.
Nominasievorms sal by die skool beskikbaar wees

Die volgende ouers verteenwoordig Hoërskool Jim Fouché totdat die verkiesing plaasvind op 15 Maart 2024.

[illegible]	Voorsitter [illegible] Finansies
Me. D.Crowther	Finansies Moraal Akademie
Mnr. R Crowther	[illegible] Finansies Veiligheid Tegnologie
Mnr. H.Du Preez	Sport Bemarking
Me. A.Slabbert	Koshuis Kultuur Akademie
Me. D.Van der Merwe	Bemarking Moraal Kultuur
Mnr. G.Van der Merwe	Grond en Geboue
Mnr. H.Van Vuuren	Dissipline
Mnr. J.Venter	LOO

Aanwysing van nuwe Beheerliggaam 1 Maart 2024 tot 30 Maart 2024.

*

Die verkiesing van nege ouers as lede van die Hoërskool Jim Fouché vind plaas op Vrydag, 15 Maart 2024. (Tyd: 06:30 - 18:30)

Erekleure

Vrydag 16 Februarie is die laaste dag vir die bestel van ere- en halfkleure lapbalkies en wapens.
Die volgende bestelling sal dan eers weer na die Prysuitdeling wees.
Bestelvorms kan by die Klerebank afgehaal word.

Funky Sox

Die funky sox sal voortaan deur die Klerebank hanteer word.
Die voorraad wat oorgebring is, is op die Klerebank KarriApp collection verkoop.
Die volgende funky sox bestelling sal teen die einde van die maand op KarriApp gelaai word.

UIT DIE KANTOOR VAN

Sielkundige

ontvangs.loo2@jimfouchehs.com

IS MY TIENER SE GEDRAG NORMAAL?

Die tienerfase kan 'n stormagtige tydperk vir tieners, sowel as hul ouers wees. Skielik verander jou blou-oogdogtertjie in 'n buierige tiener wat net saam met haar vriende wil tyd spandeer en elke huisreël bevraagteken. Dit kan kommerwekkend wees vir ouers, maar wees gerusgestel, baie van hierdie gedrag is normaal vir hierdie lewensfase. Hier volg vyf gedragsveranderinge wat normaal is gedurende die tienerfase.

1

1. Emosionele onstuimigheid

Tieners ervaar emosionele veranderinge as gevolg van hul fisiese, kognitiewe, persoonlikheids- en sosiale ontwikkeling. Oor die algemeen beleef tieners méér gemoedskommelinge as kinders en volwassenes. Dit is normaal vir 'n tiener om binne 'n uur te verander van opgewek na bedruk, en weer terug na opgewek.

2

2. Behoefte om meer tyd saam met vriende te spandeer.

Gedurende die tienerfase is dit normaal dat verhoudings met vriende vir tieners belangriker voel as verhoudings met hul ouers. Die tienerfase word gekenmerk aan die behoefte om te 'behoort'. Dit is dus normaal dat tieners toenemend belangstel in en betrokke is by vriende. Dit is binne hierdie verhoudings wat tieners verken wie hulle is, wat hul waardes is en wat hul toekomsverwagtinge is buite die gesinsisteem.

3

3. Geheimsinnigheid

Daar is 'n beduidende verskil tussen geheimsinnigheid en die behoefte aan privaatheid. Tieners mag dalk meer tyd in hul kamers alleen begin spandeer en wil nie altyd alles wat in hul lewe aangaan met hul ouers deel nie. Dit is normaal. Tieners ontwikkel 'n groter behoefte aan privaatheid gedurende hierdie ontwikkelingsfase. Wanneer 'n kind se gedrag egter drasties verander, mag dit nodig wees om verdere ondersoek in te stel.

1. **Emosionele onstuimigheid**
2. **Behoefte om meer tyd saam met vriende te spandeer.**
3. **Geheimsinnigheid**
4. **Toename in konflik**
5. **Oormatige tyd op elektroniese toestelle**

4. Toename in konflik

Gedurende die tienerfase beleef tieners en ouers dikwels meer konflik. Die tienerfase word gekenmerk aan die uitdaging van outoriteit. Tieners bevraagteken dikwels hul ouers se reëls en manier van dinge doen. Dit is normaal, aangesien tieners uitpluis wat hul eie standaarde en waardes is buite die gesin. Tieners het egter steeds die behoefte aan struktuur en stabiliteit. Konsekwentheid van die ouersisteem is dus baie belangrik.

5. Oormatige tyd op elektroniese toestelle

Ouers is dikwels bekommerd wanneer hul tieners gedurig op hul selfone en rekenaars tyd spandeer. Of dit nou 'TikTok', 'Whatsapp' of aanlyn speletjies is, hierdie toestelle bied die geleentheid vir sosiale interaksie met ander tieners. Soos vroeër genoem, is hierdie verhoudings toenemend belangrik vir tieners. Tyd op elektroniese toestelle moet egter beperk word tot sekere tye, en tieners se aktiwiteite moet gemonitor word.

Tieners het egter steeds die behoefte aan struktuur en stabiliteit.

Alhoewel die bogenoemde gedrag normaal is, kan dit ook vining in kommerwekkende gedrag verander. 'n Goeie vraag om as ouer te vra is of die gedrag u kind se daaglikse funksionering negatief beïnvloed. Indien die antwoord ja is, mag dit nodig wees om die gedrag verder aan te spreek of eksterne ondersteuning te kry.

Saam by JF sal ons die bekommernisse hanteer en die jaar nie net oorleef nie, maar daarvan 'n sukses maak.

Bronnelys:

- Erikson, E. H. 1968. Identity: Youth and crisis. New York: W.W. Martin & Company.
- Louw, D. & Louw, A. 2010. Die Ontwikkeling van die Kind en die Adolessent. Bloemfontein: Psychology Publications.

JF LEEF MET

WAARDE VAN DIE WEEK

Waarde

Week se stukkies

Integriteit is 'n kernwaarde wat ons lewens en interaksies met ander diep beïnvloed. Dit leer jou iets van mense, hoe hulle dinge in die lewe doen en die intensies waarmee dit gedoen word. Of jy hulle kan vertrou en of jy hulle maar ‘n armlengte van jou af moet hou.
Miskien is dit ‘n waarde wat jy van jongs af geleer het of miskien wil jy dit graag vir jouself leer.

So hoe lyk integriteit?

→ Eerlikheid: Dit is een van die belangrikste eienskappe van integriteit. Leef jou lewe volgens eerlike beginsels en wees opreg in jou kommunikasie met ander. As jy iets sê, bedoel dit ook regtig so.

→ Waardering vir ander: Erken die bydraes en betekenisvolle dinge wat mense vir jou doen. Wees nie selfsugtig nie en gee krediet waar dit toekom. Moenie ander se harde werk misbruik nie.

→ Respek vir tyd: Waardeer ander mense se tyd. Wees nie onnodig laat of ophoudend nie. Dit getuig van respek en integriteit.

→ Konflikhantering: Hanteer konflik beskaafd en respekteer ander se sienings. Argumenteer nie oor kleinighede nie en breek nie mense af nie.

→ Empatie: Wees ingestel op ander mense se gevoelens. As jy sien iemand het hulp nodig, probeer opbeur en positief wees.

→ Verantwoordelikheid: Erken jou foute en wees bereid om jammer te sê. Integriteit sluit in om reg te maak waar jy verkeerd was.

→ Nederigheid: Moenie met jou prestasies of suksesse te koop loop nie. Integriteit beteken om nederig te bly, selfs as jy goed vir ander doen.

→ Goeddoen: Help waar jy kan. 'n Goeie daad en 'n mooi woord kan iemand se lewe verander.

Integriteit is ‘n omvattende woord! Onthou dat integriteit nie net oor eerlikheid gaan nie, maar ook oor hoe jy jouself teenoor ander gedra. Dit is 'n lewenslange reis van selfontdekking en groei.

Aangepas uit: Vrouekeur

Onthou dat integriteit nie net oor eerlikheid gaan nie, maar ook oor hoe jy jouself teenoor ander gedra.

JF LEEF MET
WAARDE VAN DIE WEEK

Waarde

Verantwoordelikheid (opvolg)

Gedurende die week 29 Jan. tot 2 Feb. het die graad 11-leerders gesorg vir `n opwindende week met die inskerping van die waarde "verantwoordelikheid."
Elke klas het `n gekookte eier gekry om op te pas. Die eier moes elke periode wissel sodat elke leerder `n kans kry om verantwoordelikheid te neem vir die eier te neem.

Dit het groot konsternasie veroorsaak. Reeds in die eerste periode het `n leerder kom aanklop by die LOO-kantore om te vra vir `n pleister vir `n gekraakte eier.

Na `n paar dae het onaangename reukies metgeselle geword soos wat meer eiers gekraak het.

Dertien van die vier en dertig klasse kon daarin slaag om die eiers heel te hou tot aan die einde van die week.

Die 12 C-klas het `n kuikentjie ingehandig; hul eier het blykbaar uitgebroei! (Hoop hulle vind baat by die Integriteit week!)

Die 9A-klas het die kompetisie loshande gewen met die mooiste eier wat goed genoeg was om `n maskerbal by te woon.

Ons vertrou dat dié oefening elke leerder iets geleer het van spanwerk en verantwoordelikheid. Die graad 11 VVK`s word gelukgewens met die suksesvolle poging.

Ons vertrou dat die oefening elke leerder iets geleer het van spanwerk en verantwoordelikheid.

Die Liefde

4 Die liefde is geduldig,
die liefde is vriendelik;
dit is nie afgunstig
nie, is nie
grootpraterig nie, is
nie verwaand nie.
5 Dit handel nie
onwelvoeglik nie,
soek nie sy eie
belang nie,
is nie liggeraak nie,
hou nie boek van die
kwaad nie.
6 Dit verbly hom nie
oor onreg nie,
maar verheug hom
oor die waarheid.

1 KORINTIËRS 13

verbly
verheug
waarheid

Nas wat omgee

INDIVIDUELE FOTO'S
FOTOPAKKETTE

Dit is weer tyd vir die individuele foto's. Die hele skool se leerders word afgeneem met die oog op die jaarblad en prysuitdeling.
Dié fotopakkette kan u bestel teen R60.

LET WEL:
Bestellings vind STRENG via Karri plaas.
GEEN EFT's, GEEN KONTANT EN GEEN KAARTBETALINGS sal aanvaar word nie.

Ons gaan u 'n hele maand gee om te bestel, wat u meer as genoeg tyd gee om die Karri-app te bemeester. Ons vra u samewerking in dié verband. Ons het verlede jaar oor die 800 bestellings gehad, daarom vra ons dat u net op Karri bestel.

FOTOBESTELLINGS SLUIT: 10 MAART 2024 –
GEEN LAAT BESTELLINGS SAL AANVAAR WORD NIE

Die foto's word geneem in formele somersdrag en die leerders moet die betrokke oggend reeds **6:30** op die teerblad aantree.

- **26 FEBRUARIE 2023 – GRAAD 8**
- **27 FEBRUARIE 2024 - GRAAD 12**
- **28 FEBRUARIE 2024 - GRAAD 11**
- **29 FEBRUARIE 2024 - GRAAD 10**
- **1 MAART 2024 - GRAAD 9**

R60

Akademie

Eskom Ekspo

Jaco Deysel het vanaf die 27ste Januarie tot die 2de Februarie Suid Afrika by die “Taiwan International Science Fair” verteenwoordig. Daar het Jaco met sy projek, wat in Oktober 2023 Goud verwerf het, op internasionale vlak gaan meeding.

Sy taak was beoordeel saam met meer as 200 take en 26 ander lande vanaf regoor die wêreld. Die beoordelaars was wêreld erkende professors en kenners in die gebied, wie se terugvoer en aanbevelings hoogs gesog is. Sy taak het enkripsiemetodes vergelyk en getoets om beskermingstegnieke te ontwikkel vir aanlyn veiligheid.

Die “Science Fair” was ryk aan kultuurtoere deur Taiwan se bekende tempels, bakens en tradisies. Die science fair prioritiseer ook internasionale uitruilings tussen studente van verskeie lande. Dit het die kompeterende en streng atmosfeer van hierdie groot kompetisie lekker uitgebalanseer. Die standaard was wêreldklas met take wat voorberei is saam met van die wêreld se beste skole en universiteite, onder andere Princeton Universiteit.

Ons is dus baie opgewonde en dankbaar om te sê dat Jaco ‘n vierde prys algeheel gewen het in sy kategorie van Computer Science tussen hierdie wêreldklastake. Baie geluk, Jaco, en mag jy in 2024 weer groot mylpale bereik met jou volgende Eskom Ekspo projek.

Afrikaanse Senior Olimpiade.

Graad 10-12 kan op Karri betaal tot en met 11 Februarie. Die Olimpiade vind in Mei-maand plaas.

Skiet

South African Metallic Silhouette Shooting Maartin Maasdorp is uitgenooi om proewe te skiet om sodoende die SA Protea-span te haal. Die proewe vind plaas 6 – 9 Februarie.

Sport

ATLETIEK

Sone Liga 31 Januarie

200 m

Jaydon Barlow - 4de
Dané Neethling - 2de
Bertie Cruywagen - 1ste
Amoné Verwey - 2de

400 m

Jayden Barlow - 1ste
Dané Neethling - 2de

1500 m

Ruan Smit - 4de

Verspring

Amoné Verwey - 1ste
Rukaiaya Sampson - 1ste

Hoogspring

Lin-Mari van Zyl - 3de
Miné Kriek - 4de
Rukaiya Sampson - 5de

Hamergooi

Neldri du Toit - 1ste
Ruan Kruger - 1ste
Tiaan Buys - 1ste

Gewigstoot

Maruné Dreyer - 3de
Ruan Kruger - 1ste
Tiaan Buys - 1ste

Hokkie rooster

DAG	TYD	ASTRO	GYM
Maandag	14:00-15:00 15:00-16:00 16:00-17:00 17:00-18:30 18:30-20:00	D0/18B en D0/14B D0/16B en D0/14A **S0/16A** en D0/16A D0/18A en **S0/18A**	
Dinsdag	14:00-15:00 15:00-16:00 16:00-17:00 17:00-18:30 18:30-20:00	**S0/14A en S0/14B** **S0/18B** **S0/16A en S0/16B** D0/18A en D0/16A **S0/18A**	D0/18A **S0/18A**
Woensdag	14:00-15:00 15:00-16:00 16:00-17:00 17:00-18:30 18:30-20:00	**S0/14A** en D0/18B D0/16B en D0/14A **S0/16A en S0/16B** **S0/18A**	
Donderdag	14:00-15:00 15:00-16:00 16:00-17:00 17:00-18:30 18:30-20:00	**S0/14B** en D0/14B D0/14A en **S0/16B** **S0/18B** en D0/16A **S0/14A** en D0/18A	D0/18A **S0/18A**
Vrydag	14:00-15:00 15:00-16:00 16:00-17:00 17:00-18:30 18:30-20:00	Privates	

#trotsJF

Krieket Eerstespan

BESTE BOULERS:
PIETER CONRADIE 3 VIR 16
HENKO VENTER 3 VIR 22
COBUS WILKEN 2 VIR 17

BESTE KOLWERS
ARNAUD MARAIS 52 LOPIES
ADRIAN DE NECKER 56 N.U.N.

JF SE EERSTE KRIEKETSPAN WEN MET 42 LOPIES TEEN SAINTS "B"

Krieket o/15 A

DIE O/15A-KRIEKETSPAN VAN JF WEN MET 5 PAALTJIES TEEN SENTRAAL.

BESTE KOLWERS :
FRANCO DE NECKER 22
ADRIAN ENGELBRECHT 22

BESTE BOULERS:
FRANCO DE NECKER 3 PAALTJIES VIR 9 LOPIES
JODAN VORSTER 2 VIR 12

#TROTSJFKRIEKET

#TROTSJF

Krieket Eerstespan

BESTE BOULERS:
LIAN THERON 4 VIR 9
MARCO DE LANGE 2 VIR 12

BESTE KOLWERS
COBUS WILKEN 28
SHERMI PAULSE 22

DIE EERSTE KRIEKETSPAN SPEEL TEEN ST DOMINICS IN 'N 50 BOULBEURT WEDSTRYD
JF KOLF EERSTE EN TEKEN 120 ALMAL UIT AAN.
JF BOUL ST DOMINICS UIT VIR 33 EN WEN DUS DIE WEDSTRYD MET 87 LOPIES.

BESTE BOULERS:
PIETER CONRADIE 3 VIR 16
HENKO VENTER 3 VIR 22
COBUS WILKEN 2 VIR 17

BESTE KOLWERS
ADRIAN DE NECKER 58*
ARNAUD MARAIS 52

DIE EERSTE KRIEKETSPAN SPEEL TEEN ST ANDREWS SE O/19B SPAN IN 'N 20 BOULBEURT WEDSTRYD.
JF KOLF EERSTE EN TEKEN 146 VIR 4 AAN.
JF BEPERK ST ANDREWS VIR 104 EN WEN DUS DIE WEDSTRYD MET 42 LOPIES.

NETBAL Eerstespan

ANSUNÉ HUMPHRIES

LINDSEY NEVELING

JANA ROSSOUW

JENILEE KOTZÉ

ZANDRIA BASTONE

ROECHELLE VD MERWE

LESEDI SEBILOANE

DIMPHO TOTOLA

ELRI PIETERS

JANELI SAAIMAN

#TROTSJFNETBAL

#TROTSJF

Kultuur

Landsdiens

Landsdiens Kwaggas by hul Klubhuis

Op die 2de Februarie het die Kwaggas by Hoërskool JF se netbalhekkie bymekaargekom met die nuwe leerders wat deel wou word van die Kwaggas Landsdiensgroep. Na skool het al die leerders saam met die klub se leier, tannie Lize Fourie, na die Kwaggas se klubhuis gestap.

Terwyl die leerders, studente en volwassenes van die Kwaggas opgedaag het, het die leerders wat reeds daar was begin om ou botteltjies te sny en te versier met hul eie kreatiwiteit, wat as potplantjies sou dien. Binne-in het hulle 'n mengsel van kompos gebruik om 'seed bombs' te maak.

'Seed bombs' is sade wat bedek is met voedings grond wat dan in die natuur gegooi kan word om te ontkiem en te ontwikkel in bome en ander plante. Hier het die Kwaggas dit in herwinde 'potte' gesit sodat dit kan dien as huisplante. Landsdieners gee om oor die natuur en probeer so veel as moontlik om te herwin en die natuur te bewaar.

Die seuns het 'n bottel koeldrank gebring en die meisies 'n pakkie tjips sodat hulle kon peusel deur die dag. Die leerders het pizza-pies gehad as 'n lekker aandete. Teen 20:30 het hulle die dag afgesluit met lofprysing en aanbidding, waarna die meeste leerders huis toe gegaan het.

Nuwe leerders word uitgenooi om by die Kwagga-familie aan te sluit
deur Tannie Lize Fourie te kontak by 082 378 4398

Kwaggas Landsdiens

FACTA NON VERBA

#kwaggasonthemove

Whatsapp 082 378 4398

Always be yourself, unless you can be a KWAGGA, then always be a KWAGGA

10 jaar years

LANDSDIENS LAND SERVICE

JF Oester
Die storie agter die st
Tweede plek in die Media 24 Nasionale Skoolkoerantkompetisie 2011 (begroting
2014 - 9de in SA · 2015 8ste in SA · 2017 7de in SA · 2018 We

WIT OF GROEN, JY'S 'N KAMPIOEN!

Geskryf deur Karli Botha

"Daar is een ding wat niemand van Jim Fouché kan wegvat nie, en dit is gees!" het juffrou Jannecke Koekemoer die oggend van die kleure-atletiek laat hoor.

Orals op die skoolgronde was flitse van wit en groen soos die twee spanne geskarrel het om punte bymekaar te maak. Die pawiljoen het behóórlik gedreun soos die leerders hulle spanmaats uit volle bors aangemoedig het om daai laaste ent voluit te hardloop.

Jim Fouché het weereens daarin geslaag om almal as 'n familie bymekaar te kry, met ouers wat vure aansteek, vriende wat mekaar ondersteun en selfs oudskoliere wat kom inloer het.

'n Mens kon die opgewondenheid wat heers voel vibreer. Onderwysers kon al van die eerste periode af nie die leerders in toom hou nie soos wat hulle geborrel het. Vanjaar se kleure-atletiek was 'n absolute voorreg en boonop 'n reusesukses.

Om 'n bietjie ekstra kleur aan die dag te gee het spanne mekaar in mooi versierde kruiwaens gestoot, wat gesorg het vir baie lag. Die matrieks het tougetrek tot hulle omtrent potblou in die gesig was. Ouers en onderwysers kon wys wat in hulle steek deur ook aflos te hardloop. Die verbasing op die leerders se gesigte oor hoe vining hul onnies werklik is, was "priceless."

Natuurlik was daar ook 'n weddenskap: Indien die wit span verloor, word juffrou Koekemoer nat gegooi, en as die groen span verloor, word mnr. Henri Wilken nat gegooi. Mnr. Wilken se dreigemente van detensie het die groen span duidelik gemotiveer, want hulle is uiteindelik as die wenners aangewys (alhoewel dit die wit span was wat die geesbeker huis toe gebring het).

Dis was werklik 'n dag waar almal hulself kon geniet en ons sien reeds uit na die volgende byeenkoms!

JF Oester

BUITE LUGSKOOL

Die storie agter die stories

Tweede plek in die Media 24 Nasionale Skoolkoerantkompetisie 2011 (begroting minder as R 10 000)
2014 - 9de in SA • 2015 6de in SA • 2017 7de in SA • 2018 Winner

6-9 FEB

https://jfoester.co.za/